SAOU **Noord-Kaap • Northern Cape**
Posbus 110156 Hadisonpark 8306 E-pos: saounk@saou.co.za
☎ 053 832 2727 Faks 053 832 2460

SPLINTERNUUS

31 Maart 2015 No: 5 van 2015

TERUGVOERING UIT DIE PROVINSIALE RAVO

Tydens die vergadering van die provinsiale kamer van die RAVO is daar sake bespreek waarvan u kennis moet dra:

Die betaling van "OSD" aan terapeute, ens. (Kollektiewe Ooreenkoms 1 van 2012)
Die Departement het steeds, na verskeie oproepe deur vakbonde en spesifiek die SAOU, nog nie die ooreenkoms geïmplementeer nie. Geld moet o.a. deur die nasionale Tesourie beskikbaar gestel word. Die Departement het soos volg oor die redes waarom die ooreenkoms nog nie geïmplementeer is nie, gerapporteer:

- *"The reason is that the grant is not yet made available to the Department.*
- *Finance is currently leading the matter to secure the grant.*
- *The implementation plan was sent to DBE as required, waiting for the response."*

'n Vergadering tussen die Onderwyshoof, Departement van Basiese Onderwys en Tesourie is vir die eerste week in April geskeduleer om die nodige fondse te bekom.

Omskakeling van tydelike na permanente aanstelling
Altesaam 329 onderwysers in tydelike aanstellings is na permanente aanstellings omgeskakel. Al hierdie persone se salarisse is vasgestel op die intreevlak vir nuwe aanstellings met matriek plus 4 jaar opleiding. Volgens die Departement se woordvoerders is dit gedoen sodat die Departement al hierdie persone se kwalifikasies kan verifieer.

Almal wie se aanstelling na permanent omgeskakel is, moet dus voor die einde van Mei weer hul kwalifikasies by die Departement indien. Indien lede versoek word om weer afskrifte van hul kwalifikasies in te dien, moet hulle die "vars ink"-beginsel toepas. Dit beteken dat afskrifte van oorspronklike dokumente gemaak moet word en nie van dokumente wat reeds gesertifiseer is nie. Die stempels en handtekeninge van die persoon wat die afskrifte sertifiseer, moet ook oorspronklik wees.

Die SAOU is intussen besig om verdere aksie rondom hierdie aspek te oorweeg.

Betaling van waarnemerstoelae
Volgens die Departement behoort alle uitstaande waarnemerstoelae teen middel April betaal te wees. Die SAOU het heelwat navrae in hierdie verband van lede ontvang, maar weet nie altyd of dit afgehandel is nie. Indien daar lede is wat na April steeds nie die betaling van die waarnemerstoelae ontvang het nie, moet hulle

asseblief weer met die kantoor in aanraking tree. Dit sal ook baie help indien lede afskrifte van die dokumente wat by die distrikskantore ingedien is, aan die kantoor kan voorsien.

Long service recognition
It was again emphasized that the department will not automatically pay the long service bonuses. Employees must apply at the different district offices for the long service bonus to be paid out.

Gradering van skole
Die gradering van skole moet plaasvind ingevolge Kollektiewe Ooreenkoms 3 van 2006. Die Departement het reeds verlede jaar gerapporteer dat die proses afgehandel is en deur die Onderwyshoof goedgekeur moet word. Op die onlangse vergadering is die vakbonde meegedeel dat, weens 'n gebrek aan geld, die nuwe graderings nie goedgekeur is nie. Dit sal heelwaarskynlik eers aan die einde van die jaar, na die 2015-posvoorsienings, bekend gemaak word.

Die SAOU is in die proses om vas te stel in watter mate die Departement so 'n besluit kan neem en watter stappe gedoen moet word om te verhoed dat lede daardeur benadeel word.

BEMAGTIGING VAN LEDE DEUR DIE SAOU

Lede word versoek om die volgende bemagtigingsgeleenthede in hul dagboeke aan te teken:

Leerhindernisse van leerders – die impak daarvan op klasonderrig. Aanbieder: Mev. Babette le Roux

Mei 4 Laerskool De Aar, De Aar
Mei 5 Laerskool Op die Voorpos, Upington
Mei 6 Laerskool Seodin, Kuruman
Mei 7 Kimberley – plek sal later bekend gemaak word.

Ken jou korrekte roetes. Aanbieder: Adv. Kinny Labuschagne

- **Rapportering van leerders wat mishandel word**
- **Grief en dispuutroetes**
- **As 'n leerder 'n onderwyser beledig/aanrand**
- **Stappe as ongewenste materiaal elektronies ontvang word of op personeellid se FB verskyn.**
- **Ens.**

Augustus 3 Hoërskool Noord-Kaap, Kimberley
Augustus 4 Laerskool Calvinia, Calvinia
Augustus 5 Hoërskool Namakwaland, Springbok
Augustus 6 Voorbereidingskool Fanie Malan, Upington

Registrasie sal elektronies via die webwerf plaasvind. Sodra die registrasies open, sal ons lede in kennis stel.

BEMAGTIGING IN BEPLANNING

Die bestuur het reeds besluit dat daar vroeg in 2016 bemagtigingsessies vir Beginner-onderwysers (nuwe toetreders tot 3,4 jaar ondervinding) en vir Skoolbestuurspanne moet plaasvind. Besonderhede sal vroegtydig beskikbaar gestel word sodat dit deel van skole se beplanning vir 2016 kan uitmaak.

NUWE KANTORE

Die SAOU het reeds die nuwe kantore betrek. Behalwe vir enkele probleme met die nuwe telefoonstelsel, is die meeste probleme opgelos en gaan die personeel volstoom aan met werk.

The new offices are located in the same building as the previous offices and are on the same floor. All the contact details stay the same. Members are wellcome to vist us at the new offices.

VAKANSIE

Uit gepsrekke met lede is dit duidelik dat almal nou ‘n vakansie sal geniet. Daar is egter ook ‘n klomp lede wat leerlinge op sport- en ander toere vergesel.

Ons wens u ‘n aangename vakansie toe, sukses op die toere en uitstappies en vertrou dat u almal veilig sal reis.

‘N LAASTE GEDAGTE